

# ASWOENSDAG

Baie welkom by hierdie besondere geleentheid waar ons Aswoensdag op 'n unieke wyse gaan vier. Daar waar jy is of hier in die kerkgebou is 'n geleentheid om in stilte tyd te spandeer in die teenwoordigheid van die VaderSeunGees.

Aswoensdag lei die veertig dae van lydenstyd in. Lydenstyd is 'n seisoen van verootmoediging deur vas en gebed om ons voor te berei vir die Paastyd, wat die hoogtepunt van die kerklike jaar is. In die tradisie van die kerk is hierdie veertig dae periode ook gebruik om nuwe bekeerlinge voor te berei vir hulle doop op Paassondag. Dit was ook die tyd waar mense wat onder tug verkeer het weer opgeneem is in die gemeente. Lydenstyd is 'n tyd vir selfondersoek, skuldbelydenis, vas, gebed en diens aan ander. Dit is 'n tyd om nóg meer as gewoonlik die Woord van God te lees en te oordink.

Aswoensdag is die inleiding van hierdie tyd. Die as van Aswoensdag, is 'n teken van ons verganklikheid. Verder is dit ook 'n teken van skuldbelydenis – dink maar aan die Bybelse gebruik om as op die hoof te strooi as teken van berou. Daarom is vandag se Aswoensdag-liturgie 'n geleentheid vir skuldbelydenis en verootmoediging met die oog op die lydenstyd wat voorlê.



**GEBED:** *Here, maak van ons pelgrims in hierdie veertig dae. Dissiplineer ons tot dissipelskap. Laat hierdie geestelike vastyd vir ons lei tot 'n geestelike feestyd. Bevry ons van ons eie probleme, sodat ons ander voluit kan dien. In Jesus-Naam, Amen.*

**BYBEL:**

\* Lees **JOËL 2:1-2, 12-17** as 'n oproep tot bekering.

\* Lees **PSALM 51** met die vraag: “Is daar sonde in my lewe wat ek moet bely?”

Bid nou die lied “**Heer wees ons genadig**” se woorde in stilte:

*“Heer wees my genadig, Christus wees genadig, Heer wees my genadig. Kyrie eleison, Christe eleison, Kyrie eleison. Heer wees my genadig, Christus wees genadig, Heer wees my genadig.”*

\* Lees **JESAJA 58 : 1 – 12**. Wat tref jou van hierdie gedeelte? Waartoe roep die Here jou en die gemeente?

**VAS:** Vas is nie 'n werk met meriete voor God nie, maar bloot 'n hulpmiddel om te fokus op God. Dit is 'n handeling wat ons in 'n posisie plaas om meer met God besig te wees en so sy seën te ervaar. Jy word uitgenooi om vrywilliglik tydens lydenstyd se 40 dae iets te vas (jou daarvan te weerhou) of iets aan te pak (soos bv 'n uitreik-projek) en so te fokus op God.

**Oordink die volgende twee moontlikhede:**

**a) Ek besluit om \* ..... tot met Goeie Vrydag op te gee om my te herinner dat lydenstyd 'n tyd van verootmoediging is.**

*\* Byvoorbeeld koffie, tv, sosiale media, alkohol, een ete per dag of week, sjokolade ...*

**b) Ek besluit om in die tyd tot met Goeie Vrydag te begin met \* ..... om my te herinner dat lydenstyd 'n tyd van groei en diens is.**

*\* Byvoorbeeld 'n uitreik-projek, 'n nuwe leefGEWOONTE, 'n leefGROEP, 'n boek ...*

Laat die Heilige Gees jou lei in die voorneme wat jy maak.

Lees nou die lied “**Doen slegs U wil, Heer**” se woorde in stilte:

*Doen slegs u wil, Heer - u wil met my. U, Pottebakker, met my, die klei. Vorm my en maak my net soos U wil. Op U vertrou ek, nederig, stil. Doen slegs u wil, Heer - u wil met my. Laat ek nie doelloos, nutteloos bly. U is die Lewe, wil my herskep! U weet die beste - net U kan red! Hou my gewillig onder u hand. Lei my emosies, krag en verstand. U wil ek liefhê, navolg en eer. U is almagtig, U moet regeer.*

\* Lees **MATTEUS 6 : 1 – 6, 16 – 21** na aanleiding van jou VAS- of AANPAK-besluit.

**GEBED:** Bid die gebed van **Synesius van Cirene (vierde eeu n.C.)**

*Here Jesus, dink aan my en wis my sonde uit. Bevry my van sondige begeertes en maak my van binne rein. Here Jesus, dink aan my - ang's oorweldig my. Laat my ervaar dat ek U geliefde kind is aan wie U u beloofde vrede skenk. Here Jesus, dink aan my en laat my nie van U wegdwaal nie. Wys my die hemelse weg uit duisternis en wanhoop uit. Here Jesus, dink aan my, sodat die lig deur die duister kan breek, ek U ewige heerlijkheid mag aanskou en in U vreugde mag leef. AMEN.*

### **SIMBOLIESE HANDELING**

Sodra jy gereed is, stap nou (in die kerkgebou) na voor, doop jou vinger in die olyfolie-en-roetmengsel en maak 'n kruis op die bokant van jou ander hand. Sê die volgende belydenis hardop:

**“Ek is sterflik, maar Jesus het die dood oorwin!”**

As jy êrens anders Aswoensdag vier, gebruik grond of 'n pen om 'n kruis op jou hand te maak en sê ook die belydenis hardop.

**GEBED:** *Here, hier voor u aangesig besef ek: alles wat leef, vergaan. Ek erken dat ek ook stof is en tot stof sal terugkeer, maar uit stof kan U 'n nuwe wêreld skep. Laat hierdie as dan vir my 'n teken wees nie net van my verganklikheid nie, maar van die nuwe wat sal kom. In Jesus se wonderlike Naam - Amen.*

**Seënbede:** Die Here seën jou met die woorde uit **Numeri 6:24-26**.

*“Die Here sal jou seën en jou beskerm; die Here sal tot jou redding verskyn en jou genadig wees; die Here sal jou gebede verhoor en aan jou vrede gee!” AMEN...*